Hoe om ’n skuiling te bou

Graad 6 tot 12

Om skuilings in die veld te bou is altyd ’n groot uitdaging!

Onderwerpe: Skuilings en oorlewing in die veld

Stappe

1. **Benodigdhede:**

   - ’n Dak van bv. plastiek, soos groot swartsakke wat oopgesny is, grondseiltjie, kartonbokse, koerantpapier, lang gras/takkies/groot blare.
   - Houtstutpaaltjies of ligte tentpale of bome wat naby aan mekaar is.
   - Verskillende lengtes toue om die punte van die dak vas te maak (onthou skoenveters is ook 'toue').

2. Die tipe skuiling wat nodig is, sal die keuse van ’n plek om die skuiling te bou, bepaal. Die volgende moet egter ook in gedagte gehou word:

   - Hoeveel tyd en moeite nodig sal wees om die skuiling te bou?
   - Sal die skuiling genoegsame beskerming bied teen die elemente (son, wind, reën en kapok)?
   - Het jy die nodige gereedskap om die skuiling te bou? Indien nie, kan jy gereedskap maak om die skuiling te bou?
   - Het jy die regte materiaal, en genoeg daarvan, om die skuiling te bou?

   Onthou om nie inheemse en skadubome te beskadig wanneer ’n skuiling gebou word nie. Takke en gras kan ook gebruik word om ’n primitiewe skuiling te bou, veral om skaduwee te maak. Natuurlike grasse en bosse moet egter net gebruik word indien daarvoor toestemming verkry is.

3. **Eenvoudige skuiling**

   Versamel materiaal: Kry een lang, dik stok en heelwat mediumgrootte takkies, kleiner takkies, blare en lang grasse.

   - Bou die raamwerk en mure: Plaas die lang stok in ’n "y"-mik van ’n boom om dit in posisie te hou. Druk die punt stewig in die grond in en maak goed vas.
   - Maak die mediumgrootte takkies staan teen die lang stok. Druk die punte van die takkies stewig in die grond in. Die raamwerk is nou klaar gebou.
   - Bedek nou die raamwerk met die kleiner takkies, blare en lang gras.
   - Sit nou ’n laag mediumgrootte takkies bo-oor alles om dit stewig in plek te hou.

Stappe

Maak ’n bed:

- Versamel genoeg blare en lang grasse om ’n lekker dik bed te maak.
- Indien daar meer as een persoon in die skuiling slaap, slaap teen mekaar. Dit help om liggaamstemperatuur te behou, veral as die nagte baie koud is.

4. **Driepootskuiling**

’n Stuk plastiek of seil kan ’n doeltreffende skuiling maak. Gebruik latte en tou om ’n stewige driehoekkonstruksie soos in die skets (Verkennerlewe 62) te maak. Plant die pale in die grond om te verstewig teen wind.

Wat het jy nodig?

- Drie stewige latte of pale
- Toue
- ’n Stuk seil of plastiek

Maak die skuiling:

- Maak die drie pale op die nok met ’n driepootvaswoel vas.
- Gebruik ’n kruisvaswoel om die dwarspale vas te maak.
- Maak ’n kniehalterslag om die regoppaal. Sorg dat ’n stukkie aan die kort ent van die tou oorbly om later ’n skuifknoop te maak.
- Plaas die dwarspaal teen die regoppaal sodat die dwarspaal net bokant die kniehalterslag is met die kruis van die kniehalterslag reg daaronder.
- Draai die lang ent van die tou voor om die dwarspaal, agter om die regoppaal, weer voor om die dwarspaal en weer agter om die regoppaal.
- Trek die tou baie styf.
- Draai die tou om die dwarspaal en maak minstens twee wurgslae om die paalslae.
- Eindig af deur die twee ente van die tou met ’n skuifknoop vas te maak.
- Sit blare en gras op die grond in die skuiling om as isolasie teen die koue te dien.

5. **Eenvoudige seilskuiling**

Hierdie is ’n skuiling wat maklik is om te bou en die minimum materiaal nodig het.

Wat het jy nodig:

- ’n Langwerpige stuk seil
- 2–3 m tou
- 3 Tentpenne, so 30 cm lank
- 2 tot 3 Pale of bome, 2–3 meters uitmekaar.

Bepaal eers die windrigting wanneer jy die bome uitsoek of die pale inplant. Die rugkant van jou skuiling moet teen die wind wees. Maak die skuiling:

- Deel die tou in die helfte. Bind ’n tou aan 2 van die hoeke op die lang sy van die seil.
- Bind die toue ongeveer ’n meter bokant die grond aan die bome of pale vas. Maak die seil oop en anker dit aan die grond met die penne.
- Sit blare en gras op die grond onder die seil om as isolering teen die koue te dien.

Wenke

1. Gebruik ’n waterdigte materiaal vir beskerming teen die elemente, soos bv. son en reën. Die skuiling kan dien as ’n "fort" om in weg te kruip as bv. ’n gekamoefleerde skuiling gebou word.
2. Spangees word bevorder as twee of meer saam ’n skuiling bou.
3. Gebruik die bou van die skuiling om knope en vaswoele in te oefen, en reg te gebruik soos dit in die graadwielboeke behandel word.
4. Besluit op die tipe skuiling wat jy gaan bou, afhangend van hoe lank dit moet hou – bv. ’n oornagskuiling teenoor ’n skuiling vir ’n paar dae.

Waarskuwings

1. Kyk vooraf na die veiligheid van die terrein, bv. wilde diere, ander mense en paaie.
2. Wees bewus van die weersomstandighede.
3. Moenie bome en plante beskadig nie.